











**Oktober 2025**
Volg ons op Facebook (@067triangle).
Besoek ons aanlyn by www.ohsixseven.com
Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

# oh!sixseven
## central northern areas



**Chanté Nell**

**"Ek het ook al kostuums vir die perde gebou, maar ongelukkig is die ingenieur in my nie so oulik soos die kunstenaar nie."**

# Liefde vir perde en kuns maak mooi

**Tanja Bause**

**Grootfontein Skou se perde kostuumklas is jaarliks 'n hoogtepunt, met Chanté Nell wat kinders help om hul grootste dromte te realiseer deur kostuums te bou en selfs die perde te verf.**

**Dis juis hier waar haar liefde vir perde en kuns één word.**

"Kinders uit ons ryskool het my tydens die skou gevra om hulle te help met die kostuumklas waarin die perd met die mooiste kostuum wen. So het ek begin om die perde te verf.

Ek het ook al kostuums vir die perde gebou, maar ongelukkig is die ingenieur in my nie so oulik soos die kunstenaar nie."

"Aanvanklik was daar baie uitdagings, en Chanté moes leer hoe om perde te verf - nie 'n maklike taak nie. Hoe kry mens die verf vinnig af as die perd ná die kostuumklas nog 'n ander klas moet doen?

"Een van my perde was al vir drie dae blou en 'n wit merrie het 'n 'fancy' ryklas gedoen met 'n

## Hoogtepunte vir Chanté



- 2006 Walvisbaai – 120 km: 2de plek vir Namibië
- 2007 Loskopvallei – 120 km: 2de plek vir beste voorbereide perd
- 2007 Walvisbaai – 120 km: Spirit of Endurance-trofee gewen
- 2008 Hofmeyr – 120 km: Kaptein van die Namibiese span
- 2009 Beaufort-Wes – 120 km: 1ste plek en beste voorbereide perd gewen.

Chanté skou jaarliks met haar perde op Grootfontein Skou

Van kleins af is sy baie kreatief en het sy vir skolekuns-kompetisies in-geskryf. "Die talent is iets wat ek by my ma, Hannelie, gekry het."

Na bladsy 2





Jayden Hough: Vyf derde plekke in die Boeresport-klas en 2de plek in Barrel Racing.



Chante en Glacier Moon Zaheera tydens die Walvis Bay African Championships 2013

Van bl. 1

Wonder Woman-teken op haar sy. Ek moes leer watter verf ek vir die maanhare en watter ek vir die lyf kan gebruik. Die kinders kom na my toe met hulle idees, en ek probeer om dit te realiseer. Vandat ek begin het, het ek seker al 15 perde geverf.

"My gunsteling was Astrid en Stormfly van die animasie 'How to Train Your Dragon'.

My ma het Lillian se kostuum gemaak, en ek het vir Somara geverf. Ek het in 2023 die prys vir die beste kostuum met die blou perd by die Grootfontein Skou gewen."

### Hoe dit begin het

"Ek is in Grootfontein gebore en het groot geword met die Skou en perde," sê Chante Nell (33).

As kind het sy gesukkel met aggressie, en iemand het aan haar ma voorgestel dat perdry dalk daarmee kan help.

"Op die ouderdom van vyf of ses het ek begin om perdrylesse te neem en dit is waar my liefde vir perde, perdry en alles rondom perde begin het."

In 2003 het sy met uithouritte begin, en sy het tot 2021 saam met haar merrie, Henham Zahra, kompeterend gery.

"Ons twee het 'n baie suksesvolle loopbaan gehad en het jare lank vir Namibië verteenwoordig."

### Grootfontein toe

In 2018 het Chante en haar lewensmaat, Megan Wise, na Grootfontein getrek om 'n Perde Safari-besigheid te begin.

Toe het die COVID-19-pandemie en die gepaardgaande beperkings die besigheid tot 'n stilstand gebring. Hulle het toe besluit om 'n ryskool te begin. Vandag spog die ryskool met 37 ruiters.

"In 2020 het ons by die Skou se perdekomitee aangesluit, en ons het in-diepte betrokke geraak by die skou."

Hulle het ook begin om die ryskoolkinders na skou toe te bring en een van die gunstelingklasse by die perde-afdeling was die kostuumklas.

### Skou 2025

"Tydens vorige jare het ons al 'n paar kampioenskappe gewen en alhoewel ons dié jaar 'n bietjie




Esmarie Kotze: 3de plek in Barrel Racing (Boere-sport-afdeling), 2de plek in Arabier-perdry, en 1ste plek as Arabier Beginner Nami-biese Uithourit-perd.

minder kinders by die skou gehad het, het almal baie goed gevaar—daar was nie een wat sonder 'n prys weggestap het nie.

Die ruiters het deelgeneem aan die Arabier- en Alle Rasse-afdelings, asook aan die boeresport.

"Ek is persoonlik baie bly dat hierdie klasse nou meer en meer kinders lok, met ruiters en perde vanaf Tsumeb en Windhoek wat ook kom deelneem.

"Vyf jaar gelede het boeresport glad nie by die skou plaasgevind nie," sê Megan Wise.

Drie kinders het vanjaar in die kostuumklas deelgeneem, waarvan twee 1ste en 2de plekke behaal het.

oh!sixseven central northern areas

Community Newspaper Businees for Sale!

Our thriving community newspaper business and media agency Oh!SixSeven is now for sale.

Serious buyers only.

Interested?

Chanté Nell

081 484 2694


COMING
Soon
WYKVELD
REMARKABLE QUALITY,
DRIVEN BY INTEGRITY
WYKVELD RETAIL STORE
17 OCTOBER, 2025

MICRO TECH
NAMIBIA

# NO MATTER WHERE YOU ARE IN NAMIBIA, MICROTECH HAS YOU COVERED.

At MicroTech Namibia, we're committed to making reliable IT support accessible to every corner of the country. Whether you're in a major city or a remote town, our local teams are ready to step in with expert service, fast response times, and solutions tailored to your needs. With MicroTech, quality support is always within reach.



**Corné Du Plessis**
+264 81 149 4050

**T:** +264 64 403 934
**F:** +264 64 403 934

corne@microtechnamibia.com
admin@microtechnamibia.com

Swakop Plaza Hotel,
First Floor

www.microtechnamibia.com


MICRO TECH
NAMIBIA
POWER YOUR BUSINESS
WITH MICROTECH NAMIBIA
Take your business to the next level with MicroTech Namibia. Since 2008, we've been more than just IT support—we're your tech partner, offering smart, reliable solutions that help your business grow and stay ahead.
Online Banking

# Calender of events OKTOBER

**Publish your event free of charge! Send all details by the 20th of the month to: 067triangle@ gmail.com.**

## PUBLICATION DATES

**For the rest of the Year**

**November**
Theme: Black Friday

**December/ January**
Theme: Chrismas & Back to school

**Contact Kobie: 0813733545**

**BOOK BEFORE THE 20TH**
























**BOOK BEFORE THE 20TH**

Contact us for your affordable advertising solutions:
Kobie Vermaak : 081 373 3545
067sales@gmail.com
www.ohsixseven.com

oh!sixseven central northern areas